Berading voor die operasie

Dit word gedoen deur 'n professionele gesondheidswerker om seker te maak dat alle aspekte rakende vasektomie aangespreek word b.v.

- Stabiliteit van sy verhouding.
- Moontlike verandering in lewensomstandighede soos verlies van 'n kind/kinders, lewensmaat of 'n nuwe huwelik.
- Vasektomie het geen effek op algemene gesondheid, seksuele gevoelens of die seksdaad nie.

LEWENSLANK - VEILIG - EFFEKTIEF

Na die operasie

- ♂ Rus vir 'n dag of twee, afhangende van tipe werk.
- ♂ 'n Ondersteunende onderbroek sal gemak bevorder.
- ♂ Gebruik 'n pynstiller soos parasetamol (nie aspirien nie), indien nodig. Rapporteer enige ernstige pyn, swelsel of koors dadelik aan die kliniek.
- ♂ Behoort in staat te wees om normale oefening en seksuele aktiwiteit na 'n week te hervat.
- ♂ Die operasie is nie dadelik effektief nie. Na ongeveer 20 saadstortings behoort al die saad wat in die buise gestoor is, verwyder te wees.
- ♂ Hierdie metode is byna 100% effektief as permanente voorbehoeding, maar geen metode kan volkome gewaarborg word nie.

KLEINER GESINNE

BELANGRIK!

Na die operasie kan 'n normale sekslewe hervat word met die gebruik van betroubare vorms van voorbehoeding.

Die dokter sal reël vir die toets van u seminale vloeistof gewoonlik 12 weke na die operasie. As al die saad uit die vloeistof is, sal u in kennis gestel word dat dit veilig is om op die operasie staat te maak as voorbehoeding.

ONTHOU!

Net EEN saadjie maak 'n baba!

Moenie 'n kans waag voordat jy ingelig is dat dit veilig is nie.

Wat kan 'n man doen om 'n swangerskap te voorkom totdat hy gesteriliseer is?

Gebruik 'n kondoom tydens gemeenskap.

Gesels met sy vrou oor voorbehoedmiddels wat sy kan gebruik: die Pil, Inspuiting of Intra-Uteriene Apparaat.

Haar plaaslike gesinsbeplanningsuster sal haar help om 'n geskikte metode te kies.

Sterilisasie is dalk nie nou vir jou die regte keuse nie omdat jy:

- Nie gesond genoeg is vir 'n operasie nie.
- Te jonk is vir sterilisasie.
- Nog onseker is of jy miskien in die toekoms nog 'n kind wil hê nie.
- Onder druk voel om 'n besluit te maak.

GROTER TOEKOMSPLANNE

MANLIKE STERILISASIE
VASEKTOMIE

Assosiasie vir Vrywillige Sterilisasie van Suid-Afrika

BEMAGTIGING VAN INDIVIDUË

Wat is Vasektomie?

Die operasie vir permanente chirurgiese voorbehoeding van die man word 'n vasektomie genoem.

Dit is 'n eenvoudige prosedure waar 'n dokter die vas deferens deursny en die buise afbind. Die saad (wat deur die testikels geproduseer word) en die seminale vloeistof vorm saam die manlike uitstorting.

Vasektomie laat die man toe om seks te geniet sonder die vrees dat hy 'n swangerskap veroorsaak.

Die operasie word gewoonlik in 'n kliniek of in 'n dokter se spreekkamer onder plaaslike verdowing gedoen en duur ongeveer 15 minute.

Dit is 'n klein, veilige en eenvoudige prosedure.

ONTHOU!
Vasektomie moet as permanent en onomkeerbaar beskou word, dus moet jy absoluut seker wees voor jy besluit.

Nadat die buise aan beide kante afgebind is, kan saad nie langer deurgaan na die seminale vloeistof nie, alhoewel hierdie vloeistof nog steeds onafgebroke geproduseer en normaal uitgestort word.

Die testikels gaan voort om manlike hormone te produseer, wat 'n man sy normale seksdrang gee asook sy normale vermoë om ereksies te verkry en om seksueel te verkeer, maar omdat sy seminale vloeistof geen saad bevat nie, word swangerskap sodoende voorkom.

Kry net die kinders wat jy kan bekostig

MET DIE INLIGTING

Hoe word 'n vasektomie gedoen?

Die chirurg bepaal die ligging van die buise in die skrotum aan beide kante.

Plaaslike verdowing word onder die vel ingespuit om pyn te voorkom.

Wanneer die area gevoelloos is, maak die chirurg 'n klein insnyding in die vel (aan beide kante) om die buise te ontbloot.

Met die "no-scalpel" vasektomie tegniek word albei vasa deur een klein insnyding bereik.

'n Klein deeltjie van elke buis word verwyder en die ente van elke buis word afgebind.

Die vel word met 'n paar stekies geheg.



Waar kan 'n man 'n vasektomie aanvra?

Vra by die plaaslike gesonheidssentrum vir verwysing na die naaste vasektomiediens, of vra jou dokter.

Die operasie is gratis beskikbaar by sommige staatshospitale in Suid-Afrika.

OM 'N KEUSE TE MAAK !

Waarom verkies 'n man 'n vasektomie?

- ♂ Wanneer hy en sy vrou seker is dat hulle reeds hul gesin voltooi het.
- ♂ Wanneer hy en sy vrou geen ander metode van voorbehoeding wil gebruik nie.
- ♂ Wanneer hy seks wil geniet sonder vrees vir 'n ongewenste swangerskap.
- ♂ Wanneer verdere swangerskap 'n risiko inhou vir die gesondheid van die moeder of die baba.
- ♂ Vasektomie is 'n kleiner en eenvoudiger operasie as 'n vroulike sterilisasie.

Sterilisasie voorkom swangerskap, maar nie infeksie met seksueel oordraagbare siektes, insluitende MIV/VIGS nie. As daar dus 'n risiko bestaan, gebruik 'n kondoom!

AVSSA
Ph: 0861-000-332
Whatsapp: 072-180-3130
Email: eddie@avssa.org.za

www.avssa.org.za